

Mens, dier en miteskepping in Alexander Strachan se *Dwaalpoort* (2010)

Andries Visagie

Andries Visagie, Departement Afrikaans en Nederlands, Universiteit Stellenbosch

Opsomming

In sy plaasroman *Dwaalpoort* (2010) ontwikkel Alexander Strachan 'n eiesoortige mite waarin mens en dier om die beurt as teenspelers en as vennote optree. In hierdie artikel word die verhouding tussen mense en diere in *Dwaalpoort* binne dié mitiese substraat beskou met behulp van onlangse insigte uit die mens-dier-studie as 'n interdisiplinêre studieveld wat raakvlakke met die ekokritiek het. Eerstens word die herhalende mite van man, hoer en bok (oftewel man, vrou en natuur) met verwysing na die menslike karakters en die niemenslike Mhlophe, 'n hartbees, ondersoek. As 'n soort "spookbok" verteenwoordig Mhlophe die oergees van die natuur wat die kom en gaan van menslike generasies met 'n sekere onverbiddelikheid en alwetendheid vanuit die kloof op *Dwaalpoort* gadeslaan. Soos in die modernistiese prosa van Etienne Leroux, is daar sterk aanduidings dat 'n eietydse mite in *Dwaalpoort* ontwikkel word. Ondanks duidelike breuklyne tussen die moderniteit en die verlede, bewaar die gebeure in die hede tog die merktekens van standhoudende mitiese inhoud.

Aan die hand van Jacques Derrida se studie *The beast and the sovereign* (2009) word tweedens die konfrontasie tussen enersyds die mitiese hartbees en andersyds die twee regsamptenare, Ludwig en Jurgens, ondersoek. Derrida het bevind dat die niemenslike dier in die Westerse kanon net soos die soewereine heerser buite die reg staan en dat dier en heerser daarom 'n bepaalde ooreenkoms met mekaar vertoon. Sy identifikasie van die oorvleuelings tussen die menslike magsfiguur, die reg, die goddelike en die dier maak dit moontlik om die interaksie tussen Mhlophe en die verskillende regsgeleerdes in *Dwaalpoort* te begryp. Die konfrontasie tussen Mhlophe en die regsfigure word 'n stryd tussen gelykes en word deel van die "soöantropoteologiese" gelykshakeling tussen mens, dier en die goddelike in die roman.

Ten slotte word die inbedding van mens, dier en mite in *Dwaalpoort* binne die eietydse diskoers oor grondeienaarskap in 'n postkoloniale Suid-Afrika in oënskou geneem. Daar is in *Dwaalpoort* berusting dat die lewe sal voortgaan en daar word 'n plek ingeruim vir wit en swart mense binne die mitiese substraat van die roman. Strachan se roman is dus 'n interessante innovasie ná die aansienlike korpus distopiese tekste wat sedert die begin van die 21ste eeu in Suid-Afrika verskyn het.

Trefwoorde: Afrikaanse prosa; argetipes; *Dwaalpoort*; jagverhale; mens-dier-studie; mite; plaasroman; spoke; Alexander Strachan; regspleging

Abstract

Humans, animals and mythmaking in *Dwaalpoort* (2010) by Alexander Strachan

In his farm novel (“plaasroman”), *Dwaalpoort* (2010), Alexander Strachan creates a unique myth in which human and non-human animals feature as antagonists or as partners. This article is a study of the relationship between humans and animals in *Dwaalpoort* within this mythical substrate applying recent insights from human-animal studies. The repetitive myth of man, whore, and antelope (or man, woman, and nature) is studied with a particular focus on the human characters and Mhlophe, an albino hartebeest. As an uncanny, ghostly antelope, Mhlophe seems to represent the primal spirit of nature that observes from the gorge in Dwaalpoort the coming and going of human generations with a certain inexorability and omniscience. In the footsteps of his literary predecessor, Etienne Leroux, Strachan apparently tries to create a contemporary myth signalling that despite clear rifts between modernity and the past, events in the present still retain the marks of an enduring mythical content. To account for the complexities presented by mythmaking in the novel, this article engages with theoretical insights by Hans Blumenberg (1983 and 1990) and Charl-Pierre Naudé (2023) about myth.

Furthermore, guided by insights from Jacques Derrida’s study, *The beast and the sovereign* (2009), the article offers a discussion of the confrontation between the mythical hartebeest and two characters with a legal background, Ludwig and Jurgens. Derrida found that non-human animals in the Western canon occupy a position outside the law, a position that they have in common with the sovereign ruler. The beast and the sovereign consequently share a certain likeness. Derrida’s identification of the overlaps between human power figures, the law, the divine, and the animal makes it possible to understand more fully the interaction between Mhlophe and the characters with a legal background in *Dwaalpoort*. The confrontation between Mhlophe and the human characters becomes a struggle between equals and becomes part of the “zooanthropotheological” equalisation between humans, animals, and the divine in the novel.

About his novel, Strachan noted that the text deals with land dispossession, land reform, transfer of ownership, and the end of an era. In the end the black inhabitants of Mine Own take over the farm. Mine Own represents the future, while Dwaalpoort symbolises the past, according to Strachan. He sees it as an apocalyptic novel about how people respond to end times (in Brümmer 2010:11).

Reminiscent of J.M. Coetzee's *Disgrace* (1999), Marlene van Niekerk's *Agaat* (2004), and Eben Venter's *Trencherman* (2006), translated into English as *Trencherman* (2008), *Dwaalpoort* represents a farewell of sorts to an era of white supremacy that was once tied to land ownership and farm life. The owner of Dwaalpoort, Rentia, has already ceded a portion of the family farm to the black community in nearby Mine Own without demanding any compensation. Nevertheless, *Dwaalpoort* should not be interpreted simply in terms of white against black. Thanks to the broader historical, mythical, and transcultural perspective that Strachan has incorporated into his text, the present situation of characters Rentia, Henning, and Bullet on Dwaalpoort is not so singularly and definitively permeated by a sense of finality. The mythical substrate of the man, the whore, and the enigmatic Mhlophe transcends the boundaries of time and prevailing cultural or racial divides. The suggestion is that the same patterns will repeat themselves and that the cultural particularities of the moment are of passing interest due to perpetual reoccupations of the myth. New conflicts will continually arise, but the primordial and enduring presence of the white hartebeest as guardian of Dwaalpoort and his ritualistic interactions with the whore and the man, in whatever future guise, will be repeated ad infinitum.

The apocalyptic ending of the novel, suggested by the fire that sweeps through the farm, the unexpected return of the peacocks, as well as the incident where Mhlophe tramples the judge Jurgens van der Beul to death, does not signify a final termination of the farm's existence. As stated at the very beginning of the novel, Mhlophe will, as he has for centuries, continue to watch over the human dramas unfolding on Dwaalpoort. The apocalyptic ending of the novel is accompanied by a cyclical element: as can be expected of any mythical narrative, the same rituals will be performed repeatedly on the farm.

The interaction between humans and animals in the novel is also part of a process that is noticeable between whites and blacks. Mr. Nkosi's sons from Mine Own join Bullet to work with him and Anne dances with the people from Mine Own during their nocturnal revelry. In *Dwaalpoort*, there is not the same kind of anxious awareness of loss and decline among the white characters as in a novel like Eben Venter's *Trencherman* or J.M. Coetzee's *Disgrace*. In *Dwaalpoort*, there is greater acceptance that life will continue, and a space is made for both white and black within the mythical substratum of the novel. Strachan's novel is an intriguing innovation in the light of the dystopian literature that white writers have published in South Africa since *Disgrace*. The comfort of the broader transhistorical perspective in *Dwaalpoort* contrasts with the bleak outlook that repeatedly characterises contemporary Afrikaans prose. The novel expands the somewhat myopic focus on the immediate context by looking further in time and space than just the here and now.

The question remains whether Strachan's choice to turn to myth, as did his modernist predecessors, is indeed the appropriate way to transcend established colonial discourses about Africa. As Mbembe (2001:1) indicates, the discourse about Africa is almost always embedded within a framework of a metatext about the animal. Within this discourse the continent and its people are depicted as signs of what is strange and monstrous. Africa is thus portrayed as an alluring depth that remains perpetually elusive and can never be grasped. Mbembe (2001:4) is also critical of the role attributed to myth and fable within Western discourse on Africa. According to this perspective, myth and fable are considered the basis of any conception of origin and time in African communities. Time is captured within the immobility of "it-has-always-been-there", hence the importance of repetition and cycles. Instead of individuals acting within this discourse, there are rather entities that act as prisoners of magical signs within

an enchanted and mysterious universe. The power of invocation and evocation replaces the power of production. As indicated in this article, it is possible that the focus on white human characters may provoke the interpretation that they themselves become participants in mythical Africa. The novel does not, however, free the characters from the dominant discourse about the animal, the magical, and the fabulous, but it does provide a place for everyone within this entrenched discourse about Africa.

On the one hand, Strachan's creation of a new myth involving the man, the whore, and the hartebeest is a reaffirmation of creativity and originality as an apparent escape from both post-modernist recirculation and the recurring bleakness of dystopian future expectations in Afrikaans prose. The postcolonial and ecocritical strain in *Dwaalpoort* is not so much a transcendence of the colonial discourse that often depicts the black native in terms of animality, but rather seeks a vision of interconnectedness and entanglement between black and white people, and ultimately, a connection of all these people with animals. On the other hand, this attempt to create a new myth as an expansion within the literary climate in Afrikaans since the late 1990s remains anchored in the persistent discourse that represents Africa in mythical terms. The ongoing tension over land ownership and the division between black and white in South African contemporary reality is transcended in the fictional framework of the novel but is shifted to the realm of myth with the animal as the guiding figure. It may not be too far-fetched to claim that the encompassing authority of the mythical hartebeest becomes simultaneously the contraction and displacement of more than just one divide, including the continued tension between black and white and the unequal gender relations between men and women in post-apartheid South Africa.

Keywords: Afrikaans fiction; apocalyptic fiction; archetypes; *Dwaalpoort*; farm novel; ghosts; hunting tales; law and literature; myth; mythical animals; postcolonial land claims; Alexander Strachan

1. Inleiding en probleemstelling

Reeds in die eerste hoofstuk van sy plaasroman *Dwaalpoort* (2010) wend Alexander Strachan hom tot 'n topos uit die groeiende korpus ekologiese literatuur oor die verhoudings tussen menslike en niemense diere. Hy verwys naamlik na die moeilik peilbare blik van die dier wat skrywers en filosowe die afgelope honderd jaar steeds meer uitdaag in hulle besinnings oor die grense tussen die menslike en die dierlike. *Dwaalpoort* begin met die blik van die mitiese albino-hartbees, Mhlophe, wat reeds eeue lank waak oor die gebied wat met verloop van tyd die plaas Dwaalpoort sou word. Hy rig sy blik op die jagparty wat gereël is vir die regter, Jurgens van der Beul, wat in die slot van die roman uitloop op 'n dodelike konfrontasie met Mhlophe, die albino-hartbees wat as bewaker van die plaas Dwaalpoort optree:

Hy hoef maar net af te kyk in die water. Hy kon die werfmense se afbeeldings deurentyd voor hom in die oog sien. Elke oggend wanneer hy bo van die plato af kom om te drink, kon hy hulle in die rimpeling van die poel sien.

En hy kon ook ander mense in die poel sien. Die mense wat lank terug hier gewoon het. In die tyd voor daar opstalle gebou is. Eers die jagters met die gifpyle – die brandwonde wat moeilik herstel het. Toe die ander jagters – dié wat met die spiese gekom het, wat die breë lemwonde gegee het ... En nou die soveelste groep jagters met gewere (10–1).

Strachan se voorstelling van die blik van die hartbees kan in samehang met vergelykbare besinnings oor die blik van die dier as topos in die wêreldletterkunde (en die filosofie) gelees word. In *The animal gaze: Animal subjectivities in Southern African narratives* tree Wendy Woodward vanuit die literatuurstudie in gesprek met onder meer Jacques Derrida (2008). Sy redeneer dat die blik van die dier die eis aan die mens stel om die subjektiwiteit van die dier te erken en om by interspesiekommunikasie betrokke te raak. Op sy beurt spreek Rainer Maria Rilke die vermoede uit dat die dierlike blik 'n visie impliseer wat vir die mens ontoeganklik is. Sy bekende woorde oor die blik van die dier op dit wat oop en onverborge is (in die agtste elegie in sy *Duino-elegieë* wat in 1922 ontstaan het), het gelei tot filosofiese reaksies deur onder meer Martin Heidegger (1992) en Giorgio Agamben (2004). Rilke, soos vertaal deur Henning Pieterse (2007), skryf in sy elegie:

Met alle oë sien die dier
die onverbloemde. Slegs óns oë lyk
omgekeerd en al óm hul opgestel
as valle, rondom hul vrye uitgang.
Wat daarbuite is, weet ons slegs uit die dier
se aangesig; want ons draai reeds die jong kind om
en dwing hom, dat hy agtertoe
vorming kan sien, nie die onverborge wat
in die diergesig so diep is nie. (Rilke 2007:73)

Beide Strachan en Rilke is bereid om aan die blik van die dier 'n bepaalde voordeel bo die beperkte blik van die mens toe te ken. Albei skrywers waag dit om 'n uitdaging te rig aan die klassieke opvatting dat die menslike rede die unieke bron van kennis van die werklikheid is. Volgens Strachan en Rilke is dit die irrasionele oftewel a-rationele dier wat anders as die mens die vermoë besit om dit wat daarbuite en wat oop is, te kan sien (Callarco 2008). Hierdie blik is die vermoede van 'n andersoortige visie by die dier wat buite die grense van die redelikheid geskied en wat vir die mens byna konsekwent ontoeganklik is.

Met 'n beroep op die kreatiewe verbeelding benut skrywers hulle literêre werke om die kanon van die Westerse metafisika uit te daag en om filosofe soos Heidegger teen te gaan met goed gekose verontagsamings van gevestigde denke oor die onderskeid tussen mens en dier. Heidegger (1995:185–273) het byvoorbeeld 'n drieledige hiërargie tussen mens, dier en gesteente voorgestel. Anders as die mens sou die dier *weltarm* wees, dit wil sê karig of beperk aan deelgenootskap aan die omringende wêreld. Die sterker bemagtigde mens gee volgens Heidegger vorm aan die wêreld terwyl gesteentes geheel en al “wêreldloos” (*weltlos*) sou wees en daarom heel onder in die drieledige hiërargie. In 'n uitdaging van hierdie soort gevestigde denke in die filosofie bied J.M. Coetzee sy boek van 1999 *The lives of animals* in twee dele aan, naamlik “The philosophers and the animals” en “The poets and the animals”. By monde van Elizabeth Costello moedig J.M. Coetzee (1999a:51, 55, 65–6) sy lesers aan om hulle deur digters te laat ontroer in hulle pogings om hulle in te voel in die liggame van diere en om afstand te kry van die filosofe wat oor diere nadink met behulp van geïkte begrippe.¹

Sedert 1999 het die studies *The animal that therefore I am* (2008) en *The beast and the sovereign* (2009 en 2011) van Jacques Derrida egter verskyn en dit is nie werklik meer houdbaar om die filosofie en die literatuur teen mekaar af te speel in visies op niemense diere nie. Trouens, Heidegger sou heel waarskynlik eerste in die ry gestaan het om hedendaagse uitdagings vanuit die literatuur oor die status en gedrag van diere met erns te bejeën. In my eie

navorsing oor niemenslike diere in Alexander Strachan se *Dwaalpoort* was filosofiese publikasies, wat net soos my artikel binne die konteks van die mens-dier-studie (“animal studies”) staan, vir my van besondere waarde. As ’n interdisiplinêre studieveld het die mens-dier-studie raakvlakke met onder meer die posthumanisme en daar word tans bydraes op die gebied van die mens-dier-studie gelewer binne die etiek, die filosofie, die biologie en die ekokritiek. In hulle boek *Postcolonial ecocriticism* (2010) verkies Graham Huggan en Helen Tiffin om literêre studies oor diere te omskryf as “zoocriticism” alhoewel *mens-dier-studie* en *dierestudies* steeds die meer algemene begrippe is wat in die literatuurkritiek gebruik word.

Hierdie artikel is ’n bydrae tot die mens-dier-studie wat meestal as ’n ontwikkeling binne die ekokritiek gesien word. Die konsolidering van die ekokritiek as ’n beduidende rigting binne die literatuurstudie het in die 1980’s (Buell 2005: 5) plaasgevind. Een van die drie fases in die ontwikkeling van die ekokritiek² word deur Glotfelty (1996:xxiv) as die studie van die simboliese konstruksie van spesies aangedui wat uiteraard ’n vraagstelling insluit na die maniere waarop literêre diskoerse die mens definieer. Die probleemstelling van hierdie artikel is dan ook toegespits op Alexander Strachan se beskouing van die interaksie tussen mens en dier in *Dwaalpoort*. Die vrae wat hierdie studie wil ondersoek, sluit in: Wat is die aard van die wisselwerking tussen spesies, spesifiek tussen menslike en niemenslike diere? Wat bereik Strachan met sy uitbeelding van die hartbees Mhlophe as ’n mitiese dier? Wat is verder die implikasies van Strachan se keuse vir die sikliese mite in sy roman in die lig van Mbembe (2001:4) se vasstelling dat die mite en die fabel deel is van die diskoers oor Afrika? Dit is hierdie diskoers wat daarvoor verantwoordelik is dat Afrika in ’n bepaalde onbeweeglikheid binne die domein van die magiese vasgevang bly en daarom nie produktief buite hierdie betowerde en geheimsinnige heelal kan funksioneer nie. Die laasgenoemde ondersoeksvraag plaas die probleemstelling van hierdie artikel binne die postkoloniale ekokritiek as ’n fase binne die ontwikkeling van die ekokritiek wat sedert Glotfelty (1996) se oorsig van die verskillende fases binne hierdie studierigting ontstaan het. Die mens-dier-studie, wat uit die ekokritiek ontwikkel het, bied ’n sinvolle raamwerk waarbinne die ondersoek in hierdie artikel oor *Dwaalpoort* van Alexander Strachan geplaas kan word.

2. Teoretiese insigte uit die mens-dier-studie

Die mens-dier-studie gaan gepaard met die groeiende erkenning in die geesteswetenskappe dat relasionaliteit, onder meer tussen die menslike en die niemenslike, ’n vrugbare basis is vir nuwe insigte oor die aard van die menslike bestaan binne die konteks van die breër omgewing. Dit bring mee dat die mens nie noodwendig as ’n uitsonderlike wese beskou word nie, maar eerder as ’n spesie tussen talle ander spesies. Die mens-dier-studie slaan daarom met groter noulettendheid ag op die spesie-aard van diere. Die oogmerk is om niemenslike diere te ken en te waardeer as agerende subjekte en nie bloot as verlengstukke van menslike belange of as wesens met nuttigheidswaarde vir die mens nie. In die literatuurstudie hou dit in dat die dier nie net as alter ego, as simbool of as die basis vir personifikasie in letterkundige werke bestudeer word nie, maar ook, ten minste by benadering, as ’n volwaardige subjek. Aandag word ook bestee aan die literêre tradisies waarbinne voorstellings van niemenslike diere volgens vaste konvensies beslag gekry het sodat daar ook krities met gemeenplase in die karakterisering van diere omgegaan word.

Met die oog op die werk van Strachan is dit raadsaam om erns te maak met Ortiz-Robles (2016:1–25) se bewering dat diere in die literatuur gereeld as trope funksioneer. Op ondersoekers wat daarna streef om iets wesenliks oor die aard van diere deur die literatuur te ontdek, wag daar dus gereeld teleurstelling. In die literatuur stel menslike belange diere dikwels in die skadu en die onbeholpenheid by skrywers in hulle pogings om diere as wesens met agentskap voor te stel, verrydel ook dikwels enige bevredigende beeldvorming oor diere. As literatuurwetenskaplike wat werk met die mens-dier-studie benadering streef Ortiz-Robles (2016:1–25) daarna om hom te verbeel hoe daar in die letterkunde na diere geluister kan word, weliswaar met die besef dat die letterkunde bestaan uit voorstellings van hoe diere praat deur middel van menslike verbale konstruksies.

Ortiz-Robles se benadering gee blyke van die belang wat in die mens-dier-studie aan etiese oorwegings in die voorstelling van diere geheg word. Dit is verder 'n redelike verwagting dat tekste uiting sal gee aan die basiese en soms eties aanvegbare onderskeid wat in samelewings tussen mense en diere gemaak word. Literêre navorsers kan verwag dat skrywers juis hierdie onderskeid mag bevraagteken of omverwerp om sodoende uit te wys dat die onderskeid tussen mens en dier veranderlik of onstabiel van aard is. Trouens, Clark (2011:185) wys daarop dat die krag van literêre tekste dikwels juis gesetel is in die omgang met die onstabiliteit van die onderskeid tussen die menslike en die niemenslike. Diere, spoke asook goeie en bose geeste word gereeld met mekaar geskakel en kan almal optree as verskyningsvorme van onheil of die *Unheimliche*. As sodanig funksioneer hulle as subjekte wat 'n prettige ondergrawing van spesiegrense bewerkstellig of andersins 'n ontstellende ontwigting van dié grense in byvoorbeeld gruwelverhale of in 'n roman soos *Dwaalpoort*. Volgens Carstens (2017:94) wys die *Unheimliche* op 'n vertroebelde relasionaliteit, naamlik die mens se paradoksale gewaarwording van 'n verwydering van die wêreld van objekte, omgewings en diere waarbinne hy/sy nietemin onlosmaaklik ingebed is.

Die teoretiese insigte vanuit die mens-dier-studie wat in hierdie afdeling uiteengesit is, sal die basis vorm van die bespreking van Alexander Strachan se *Dwaalpoort*. Die werk van Jacques Derrida in *The beast and the sovereign* (2009) oor die skakeling tussen diere, mense, heerserskap en die reg is meer direk tersaaklik vir Strachan se roman en sal derhalwe die teoretiese swaartepunt van die literêre ontleding wees. Ewe tersaaklik is teoretiese opvattinge oor mites vir 'n breër agtergrond oor denkraamwerke wat menslike en niemenslike diere binne die raamwerk van mites, fabels, narratiewe, die bonatuurlike en die simboliese plaas.

3. Die aard en funksionering van mites

Mites geld dikwels as invloedryke verhale wat gewoonlik 'n anonieme oorsprong het en 'n argetipiese of universele waarde besit vir die gemeenskappe waarbinne hulle oorvertel word. In sy boek oor die aard van mites onderskryf Coupe (1997:5–6) die siening van Don Cupitt dat die mite dikwels met die een of ander ritueel gepaard gaan. Mites gaan oor die optredes van bomenslike wesens waaronder gode, halfgode, helde, geeste of spoke. Verder word mites meestal buite 'n menslik-herkenbare historiese temporaliteit geplaas en kan byvoorbeeld op die begin- of eindtyd afgestem wees. In ander mites is daar wel 'n wisselwerking tussen die domein van die menslike geskiedenis en die bonatuurlike wêreld. In nog ander voorbeelde van die mite tree bomenslike wesens met 'n antropomorfe voorkoms op en beskik hulle oor magte wat dié van mense oorskry. Die mite bied 'n min of meer gekonsolideerde blik op die aard en

werking van die kosmos, die sosiale orde en die betekenis van die individuele bestaan. Individue vind sin in hulle eie lewens deur hulle lewensverhale binne 'n groter sosiale of kosmiese verhaal te plaas. Brink (1975:42) stel dit soos volg: “Deur die mite is sin gegee aan die sinlose, samehang aan die onverstaanbare, 'n naam aan die onbekende.”

Coupe (1997:4) benadruk dat die mitologie, dit wil sê die korpus van oorgelewerde mites binne enige bepaalde kultuurgroep, 'n belangrike deel van die literatuur is. Trouens, die literatuur sorg vir die verdere uitbreiding en ontplooiing van die mitologie. Literêre werke geld dus as “mythopoeie” (Coupe 1997:4) oftewel miteskeppend omdat hulle narratiewe skep (of herskep) wat deur mense beskou word as van kardinale belang in hulle begripsvorming van die wêreld. In hierdie artikel word juis geredeneer dat Strachan in *Dwaalpoort* 'n eietydse fiksionele mite probeer skep. Klaarblyklik word herhalende aspekte omtrent die verhouding tussen man en vrou romanmatig binne die groter regulerende geheel van die omgewing geplaas. Van Coller (2016:774) verwys na die “oerkonflikte én argetipiese patrone” in *Dwaalpoort* wat inhou dat die mens noodwendig die oormag van die natuur moet aanvaar. Soos gereeld met mites die geval is, word die leser uitgenooi om deur die sluitende totaliteit van die mitiese wêreld toegang tot ander moontlike wêrelde te soek sodat die vasgelegde perke van die bekende bestaan oorskry kan word. Strachan se leser moet noodwendig kennis neem van sienswyses van die aktualiteit wat die streng redelike begrip van die moderne mens kan aanvul of oorskry.

In die modernistiese literatuur het skrywers se ondersoeke na die spanning tussen redelike denke en mitiese denke tot boeiende resultate gelei. In Afrikaans is dit by uitstek Etienne Leroux wat op uiteenlopende maniere die “mitiese metode” (Botha 2016:642, met erkenning aan Brink; kyk ook Connor 2004:253–8) in sy prosa gevolg het. Na aanleiding van Leroux se *Silberstein*-trilogie merk Brink (1975:49) op dat die mite in dié werke van Leroux die grondpatroon is “wat herhaal word en verwring word en waarna *teruggesoeek* word”. In sy werk betreur Leroux dit dat die moderne wêreld geneig is om mites af te wys en hy dissekter gevestigde mites in sy soektog na nuwe of aangepaste mites wat geldigheid in die moderne tyd mag geniet. Connor (2004:267) stel eweneens vas dat die moderniteit selfdefinisie verkry het deur pogings van die moderne mens om te leef sonder of ná die tydvak van die mite of om juis die verlore heelheid van die mite te herwin. Strachan se prosa staan weliswaar veel sterker as dié van Leroux in die teken van die postmodernisme, maar soos Van Coller (2016:771) aandui, is Strachan met onder meer sy belangstelling in argetipiese patrone sterker as enige ander Afrikaanse skrywer deur die werk van Leroux beïnvloed.

Die laat Middeleeue in Europa word gereeld beskou as 'n tydperk wat mitiese kennis op prys gestel het terwyl die moderniteit, veral sedert die Verligting, met die vestiging van die redelikheid en 'n klaarblyklike breuk met die mite as kennisraamwerk geskakel word. Naudé (2023:29) skryf soos volg oor die afwysing van mitiese kennis wat die Verligting gekenmerk het:

Die Verligting het die Franse filosoof Descartes nagevolg in sy kategorisering van mites as “vooroordele”, wat die pad na wetenskaplike kennis vertroebel, en die Verligting het na mitemaking as afgodediens en dwaling verwys.

Soos Naudé (2023:25) aantoon, het die mite in werklikheid nie heeltemal uit die ontwikkeling van die rasonele denke verdwyn nie. Aan die hand van Hans Blumenberg (1990) se navorsing oor die funksie van die mite, stel Naudé vas dat idees met 'n mitiese karakter op die omringende werklikheid wil inspeel om vir die mens 'n gewaarwording van geborgenheid te gee. Hierteenoor het rasonele idees ontstaan uit die behoefte van die mens om sy werklikheid beter

te peil ondanks sy behoefte aan geborgenheid in reaksie op die fundamentele eksistensiële angs wat menswees kenmerk. Aangesien die verlange na geborgenheid nooit verdwyn nie, behou die mite steeds 'n bepaalde geldigheid in die moderne tyd. Met verwysing na die invloed van C.G. Jung se psigoanalitiese werk oor die argetipes en die kollektiewe bewussyn op die moderniste skryf Connor (2004:261) dat die psige die mite gebruik om vir homself 'n storie te vertel van sy eie en nimmereindigende soektog na integrasie deur en met die mite. Die modernisme word deur 'n sikliese logika onderlê wat herinner aan Naudé (en Blumenberg) se vasstelling dat die moderne redelikheid wat van die mite wil wegbreek, uiteindelik juis elemente van die mitiese moet behou om te kan slaag.

Die blywende eksistensiële angs wat die behoefte aan geborgenheid skep, word gesien as die produk van die menslike spesie se groeiende gevoel van vervreemding namate sy ontwikkelende bewussyn hom van sy primitiewe bestaan verwyder het:

Deur die bewerking van mitemateriaal het die mens sy lewe met denkbeelde en stories bevolk om die skrik van die oorsprong “te vergeet”. Só het hy afstand tussen sy nuwe selfbemagtiging en sy vervloë magteloosheid geplaas. (Naudé 2023:52)

Die mite wat wesenlik metafories ontwikkel word, besweer die blywende angs sonder om nadruklik op waarheid aanspraak te maak.

Een voorbeeld van 'n mitiese argetipe wat in *Dwaalpoort* voorkom, is dié van die hoer. Karakters soos Henriette (die “oerhoer”); die “dorpslet” (199) met wie Ludwig 'n verhouding gehad het; Anne (wat haar brood met erotiese danse verdien het); die enigmatiese “hoer” (77) wat Bullet op pad teëkom; en selfs die sogenaamde “veghoender” wat 'n groep jagters as prostituut na die jagveld vergesel (56–7), is invullings van hierdie argetipe. Kahalon, Bareket, Vial, Sassenhagen, Becker en Shnabel (2019:349–50) bespreek die ontwikkeling van die argetipe van die hoer sedert Freud (2017) die digotomie tussen madonna en hoer omskryf het. Hierdie digotomie word deur heteroseksuele mans staangemaak wanneer die toegeneentheid wat hulle teenoor hulle moeders ervaar op verwarrende maniere begin oorvleuel met die seksuele begeerte wat hulle tydens puberteit vir vroue begin ontwikkel. In 'n poging om hierdie angstigtheid te besweer, verdeel sommige mans vroue in twee groepe, naamlik vroue wat hulle bewonder en vroue wat hulle seksueel aantreklik vind. Hulle liefde word gerig op die vroue wat hulle bewonder terwyl diegene wat hulle seksueel aantrek, verag word en seksueel gedevalueer word. Hierdie mans kan vroulike seksualiteit nie tegelyk as “teer” én “sensueel” beskou nie. In hulle studie bevind Kahalon e.a. (2019) dat die voorkoms van hierdie psigoanalitiese beskouing van die madonna-hoer-digotomie ook empiries by sommige heteroseksuele mans vasgestel kan word.

In sy boek *In die rede geval. Waarom die mens mites maak* deel Naudé (2023:100–24) sy visie op Blumenberg (1983) se teorie dat daar in die ontwikkeling van kennis in die moderniteit voortdurend 'n proses van *Umbesetzung* oftewel herbesetting in kennissisteme plaasvind. Idees uit 'n vroeër tyd wat as antwoorde in die soeke na singewing gegeld het, val in die nuwe tye weg omdat hulle nie meer vir nuwe eksistensiële dilemmas ter sake is nie. Daar vind dus 'n hervertolking van ou en kosbare kennis plaas en nuwe betekenis kom tot stand. Naudé (2023:31) verduidelik verder:

Sodoende word die ou eksistensialistiese antwoordposisies oopgelaat vir nuwe invulling, terwyl dieselfde vrae bly hang. Die lewenskewissies is basiese vrae soos: Waarin kan die mens sy hoop plaas? Wat is die sin van die lewe? En nog meer.

Gapings ontstaan wel met die wegval van ouer antwoorde. Nuwe “antwoord-redenasies” vul dan hierdie gapings (Naudé 2023:100). Herbesetting is ’n proses wat sowel deurlopende betekenisse as betekenisonderbrekings insluit. Die belofte van gemoedsrus en bekendheid met die werklikheid moet egter nie in die war gestuur word nie – die angs oor die eksistensiële afgrond moet vir die mens steeds op ’n afstand gehou word in die proses van herbesetting (Naudé 2023:110–1). Mitiese kennis word daarom nooit geheel en al deur nuwe antwoorde met ’n redelike basis verdring nie.

Ook in *Dwaalpoort* word die onderskeie invullings of herbesettings van deurlopende eksistensiële vrae in verskillende tydperke in die geskiedenis in oënskou geneem as toetssteen vir die gebeure waarby die karakters Rentia, Henning, Jurgens en Anne betrokke is. Die vraag na die durende aard van mitiese gedagtegoed geniet indringende oorweging in die roman en soos dikwels in mitevorming is mens, dier én spookdier deel van die intrige.

4. Die verhaaldeure in *Dwaalpoort*: die mite van man, hoer en dier

Soos blyk uit Strachan se bronerkenings (319) het hy in *Dwaalpoort* sy drama *Kloof* (2003) en ook twee voorheen gepubliseerde kortverhale, naamlik “Die music-box” (1998) wat hy in Jeanette Ferreira se bloemlesing *Boereoorlogstories* gepubliseer het, asook “Die nuus dra” (2000) wat in *Briewe deur die lug* van Etienne van Heerden verskyn het, as grondstof vir sy roman gebruik. *Dwaalpoort* is ’n wildsplas wat klaarblyklik op die grens tussen die Vrystaat en KwaZulu-Natal geleë is en wat al vir geslagte in die besit van ’n enkele familie is. ’n Regter, Jurgens van der Beul, en sy vrou, Anne, wat vroeër ’n ontkleedanseres was, daag op om op *Dwaalpoort* ’n hartbees vir Jurgens se uitspattige trofeekamer vol gemonteerde bokhorings te skiet. Strachan se roman sentreer rondom ’n jagtog op ’n wildsplas en is daardeur tegelyk ’n toevoeging tot die lang tradisie van die plaasroman én die korpus jagverhale³ in Afrikaans. *Dwaalpoort* speel in op die konvensies van die plaasroman, maar met die intensiewe fokus op die diere van *Dwaalpoort*, verruim Strachan die genre deurdat sy plaasroman nie uitsluitlik op die menslike plaasbewoners ingestel is nie (Visagie 2011). *Dwaalpoort* is ’n aktuele besinning oor die etiek van jag en die bewaring van wild op die groot aantal wildsplase in Suid-Afrika. Die karakter Rentia het *Dwaalpoort* van haar pa, die landdros en boer Ludwig, geërf en weerhou haar man, die papbroekige Henning, nou daarvan om volledige eienaarskap van die plaas op te eis. Die roman gaan dus oor jag, grondbesit, erfopvolging, diere, en weens die aansienlike rol van sowel ’n regter as ’n landdros, ook oor die status van die reg.

Die verhaal word beurtelings vanuit die perspektief van ses verskillende karakters vertel en een van hierdie karakters is ’n niemenslike dier, die mitiese albino-hartbees genaamd Mhlophe (wat “wit” in Zoeloe en ander Ngunitala beteken). Die parateks, spesifiek die woorde op die voorblad van die roman, naamlik “Vyf stemme vertel van agter die plaas se donker hek”, ag klaarblyklik slegs die menslike karakters as volwaardige vertellers. Die parateks hou nie rekening met die feit dat Strachan sy roman begin en eindig met die visie van ’n sesde persoonasie, naamlik Mhlophe, nie. Die blik van die dier word by monde van ’n ongespesifiseerde derdepersoonsverteller, in der waarheid ’n sesde stem, weergegee.

Mhlophe waak sedert die vroegste tye reeds oor Dwaalpoort en dit word gou duidelik dat hy onder meer die oergees van die ewige natuur verteenwoordig en dat die menslike bewoners van die plaas aan sowel sy mag as sy beskerming uitgelewer is (Visagie 2011). Mhlophe is 'n spookdier en die uitdaging is om na te gaan wat die aard en funksie van hierdie enigmatiese figuur is. Ten minste twee interpretasies is hier moontlik. Eerstens is die oorgang na die magiese en die *Unheimliche* 'n vertelstrategie wat 'n relativerende lig op die plaasgemeenskap in die verhaalhede werp. Mhlophe en die ander spookfigure in die roman moedig die leser aan om die mitiese raamwerk wat die vertelling onderlê, te verken. Die rekonstruksie van die mitiese onderbou van die narratief moedig die leser aan om die menslike karakters (Rentia, Henning, Jurgens, Anne, Bullet, die inwoners van Mine Own) as tydelike spelers binne 'n byna tydlose konteks te beskou. Die karakters se kwellinge oor die boerdery asook die veranderinge wat die aktualiteit van grondonteiening en die wrywing tussen swart en wit meebring, word minder dwingend namate hulle uit die verf kom as tydelike invullings van die meer blywende mitiese basis. In die lig van Mbembe (2001:1–4) se kritiek op hardnekkige voorstellings van Afrika met verwysing na die magiese, die fabel en die mite is dit tweedens moontlik om *Dwaalpoort* uiteindelik as ontvlugting aan die postkoloniale werklikhede van Suid-Afrika te interpreteer. Indien 'n mens egter die hooffokus van die roman op die wit menslike karakters in ag neem, is dit 'n aanneemlike redenasie dat *Dwaalpoort* pertinent hierdie karakters, as 't ware sonder aansien des persoons, deel maak van die logika van 'n groter Afrika. Alles is weliswaar steeds binne die mitiese, magiese en fabelagtige domein van die spookdier Mhlophe vasgevang.

Soos reeds aangedui, neem die mitiese onderbou in *Dwaalpoort* die vorm aan van 'n basiese verhaalgegewe wat bestem is om oor en oor herhaal te word. Ek beskou vervolgens in groter besonderhede die omtrekke van hierdie mitiese substraat. Die mite wat in die narratief ontvou, is die driehoekige konfrontasie tussen man, hoer en dier. Anker (2011:216) verwys in hierdie verband na die identifikasie tussen die verskillende karakters “sodat hulle al hoe meer verteenwoordigende stemme word van die jagter, die vrou, die trofee en selfs die plaas. Dit is immers, volgens die motto en ook volgens Rentia (196) nie hulle eie stemme nie, maar ‘Dwaalpoort wat deur ons almal praat’”. Anker erken dus dat Mhlophe, “die trofee”, 'n stem kry in die roman. Die mitiese hartbees waak oor die brand wat Dwaalpoort in puin lê (317) en tree op 'n veel dieper vlak as Henning, Rentia en Bullet op as die agent of bewaker van die grond. Hulle is egter almal nou met die plaas verbonde en is op verskillende maniere die stem van Dwaalpoort. Benewens die spookdiere suggereer 'n spookagtige karakter soos die naamlose “hoer” (77) wat Bullet op pad na Dwaalpoort oplaai dat al die karakters in wisselende mates vervlietend van aard is en bloot tydelike spelers in die mite is: “Iewers langs die pad het sy gewol. Ek kon nie onthou presies waar nie. Die sitplek langs my was skielik net leeg, maar dit was of ek die fok weet, nog steeds haar asemhaling in die dreuning van die four-by-four kon hoor” (79).

Binne die mitiese gegewe het Ludwig (Rentia se vader), Jurgens van der Beul en die karakter Bullet 'n besondere rol om te speel. Dit blyk uiteindelik dat die jaggids, Bullet, wat op Dwaalpoort grootgeword het en vroeër 'n verhouding met Rentia gehad het, 'n sterker aanspraak as Henning én Rentia op die plaas het. Dispute oor erfopvolging en die sentrale rol van die boerepatriarg is bekende elemente in die Afrikaanse plaasroman en Strachan brei hierdie bekende diskoers uit deur dit te laat aansluit by die deurlopende motief in sy oeuvre van die vaderfiguur wat geslag na geslag in verskillende gedaantes terugkeer (Visagie 2011).⁴ Die herhalings wat wesenlik by die sikliese funksionering van die mite in *Dwaalpoort* is, is in werklikheid reeds voorberei deur die herhalende optrede van die vaderfiguur in Strachan se prosatekste.

Hierdie motief het reeds in sy debuut, *'n Wêreld sonder grense*, ontstaan en is in sy romans verder ontwikkel. In *Dwaalpoort* is Ludwig, Rentia se vader, dan ook op die plaas bekend as *Mafik' ungamboni* ("hy wat opdaag sonder dat jy hom sal herken"). Ludwig, wat sowel boer as landdros was, het volgens alle aanduidings in die roman 'n kind by 'n vrou na wie as die "dorpslet" (199) verwys word op die dorp verwek. Hierdie kind is Bullet wat as Ludwig se buite-egtelike kind bepaalde voorregte op Dwaalpoort geniet het, maar wat onder geen omstandighede met Rentia (in werklikheid sy halfsuster) kon trou nie. Wanneer Rentia ten slotte die plaas aan Bullet oorteken, word die verwagting geskep dat Bullet, wat net soos sy pa Ludwig in kontak is met 'n geheimsinnige hoerfiguur wat op die mees afgeleë plekke haar opwagting maak om by hom in sy bakkie te klim, en wat boonop 'n nag van hartstogtelike seks met 'n menstruerende Anne (ook 'n soort prostituut) het tydens haar verblyf op Dwaalpoort (198–9), eendag na die plaas sal terugkeer. Hy sal dan moontlik ook die vader van 'n nuwe hoerkind wees om sodoende die mite van man, hoer en bok voort te sit.

Tog is daar aanduidings van 'n groeiende weersin in jagpraktyke by die nomadiese Bullet wat as jagtersfiguur met 'n militêre agtergrond as 'n alter ego van die skrywer optree net soos Lenka in *Die jakkalsjagter* en die wildvanger in *Die werfbobbejaan* (Visagie 2002). Daar is die suggestie in die roman dat Bullet met sy verhoogde sensitiwiteit vir diere⁵ moontlik eendag die onverbiddelike wetmatigheid van die sikliese mite sal kan deurbreek en soos die vrouekarakters (byvoorbeeld Henriette en die voëls asook Rentia en die duiwe en rotte) in die roman sal kan uitreik na 'n wedersydse verstandhouding tussen man en bok wat 'n einde aan die herhalende gewelddadige konfrontasies tussen mens en dier sal maak. Meyer (2021:297) interpreteer hierdie gegewens op 'n minder tentatiewe manier wanneer sy skryf dat *Dwaalpoort* uitdrukking gee "aan 'n dieper vlak van kontak met en begrip vir die dier, en aan grondiger nadenke oor die plek van en die skakeling tussen mens en dier binne die groot biotiese gemeenskap".

Wat opval, is dat die roman inspeel op die assosiasie tussen vrou en "natuur" wat Plumwood (1995:4) vanuit die ekofeminisme kritiseer as 'n kondisionerende strategie wat beide vrou en natuur as passief, daadloos en gestroop van subjektiwiteit voorstel. Hulle word bloot die "omgewing" of onsigbare agtergrondsomstandighede waarteen die duidelik sigbare prestasies van redelikheid of kultuur, "provided typically by the white, western, male expert or entrepreneur", afspeel. Hierdie stereotipiese situasie weerklink in die mitiese gegewe wat die stryd tussen man en bok plaas binne die prerogatief van die man om deurslaggewend en manipulerend met die omgewing te mag omgaan. Die alternatief is egter duidelik aanwesig en toets die mitiese hiërargie: Rentia en Henriette is as vroue betrokke by interspesiekommunikasie wat gewelddadige konfrontasie vermy en eerder op 'n wedersyds onderskragende betekenisgeving ingestel is. Deurdat Bullet en sy honde iets van die vrou-dier-verhouding oorneem, skep dit die verwagting dat die vastigheid van die mitiese struktuur uiteindelik mag swig voor verandering. Die mitiese hartbees is immers reeds die een wat konsekwent gewelddadige manlike optrede verslaan. Terselfdertyd ontwikkel die interspesiekommunikasie tussen die menslike en niemense karakters (die hartbeeste, die rotte, die hoenders, die voëls, die honde, Henriette, Rentia en uiteindelik ook Bullet) 'n kultuur van verstandhouding wat die meedoënlose herhaling van die mitiese gegewe uiteindelik mag wysig of selfs beëindig.

In *Dwaalpoort* is dit nie werklik moontlik om die heilige madonna as argetipe te herken nie, maar soos aangedui verkry die hoer wel 'n uitdruklike plek binne die mite. Deurdat dit telkens 'n hoer is wat aan die manlike erfgenaam die lewe skenk, ontstaan die indruk dat die mense van Dwaalpoort onsuiver van oorsprong is. In die roman is dit wel konsekwent die manlike karakters se begeerte vir die vrou wat weergegee word. Daar is selfs 'n toneel waar Jurgens

die naakte Anne dophou met die suggestie dat hy met sy geweer op haar anlê soos op een van sy dierlike trofees (298–300). Verder is daar ’n aanduiding dat Henning vir Anne verkrag terwyl Jurgens hulle uit die bosse dophou sonder om tussenbeide te tree. Deurdat die manlike karakters enersyds by transaksionele of selfs gewelddadige seks met hoere betrokke is en andersyds bokke met geweld om die lewe bring, word die mite ingeklee as die narratief van man, hoer en bok wat die vernietigingskrag van manlike geweld as beginpunt het. Wanneer die bok die oorwinning behaal oor die man wat hom probeer doodmaak, word die menslike drama van geweld tot ’n voorlopige einde gebring. Die wêreld van die wit bokke in die kloof wat verhewe is bo die woelinge op die plaas is die verkieslike alternatief wat met die belofte van nuwe groei gepaardgaan (317).

Die leser van *Dwaalpoort* word gaandeweg deur die ontwikkeling van die narratief bewus van die omgewingsgerigte alternatief wat die starre voortsetting van die mite uitdaag. Eers is dit nodig dat die mite duidelik uitgespeel word. Jurgens van der Beul is die tussentydse beliggaming van die voortgaande drama tussen hoer, man en bok. Net soos Ludwig is hy ’n regsman wat met ’n prostituut, Anne, ’n verbintenis het. Hy word uiteindelik deur Mhlophe doodgemaakt nadat hy onder meer vir Rentia op ’n rare manier aan haar vader herinner het en nadat hy in die skielike koel reënweer boonop Ludwig se hoed en jas aangetrek het en daarom deur die plaasmense en deur Mhlophe as *Mafik’ ungamboni* (“hy wat opdaag sonder dat jy hom sal herken”) geëien word. In die toneel wat Mhlophe se aanval op Jurgens ten aanskoue van die plaasbewoners beskryf, word dit duidelik dat die oorvleueling tussen die karakters Ludwig en Jurgens binne die mitiese gegewe voltrek word. Jurgens en Ludwig verloor hulle individualiteit en neem eerder hulle voorgeskrewe rol binne die mitiese konfrontasie met die geheimsinnige hartbees in. Hierdie konfrontasie word dan ook in die woorde van Jurgens as ’n ritueel beskryf:

Ek kon my die asems en onderlangse gepraat verbeel. Die ritueel sou dus nie in privaatheid voltrek word nie.

[...]

Dis waar die bok gewag het, geduldig, roerloos. Hoe lank het hy al daar gestaan? [...] Maar toe roer sy ore effens. Hy het ’n tree vorentoe gegee. ’n Bok wat kruppel geloop het. ’n Mankheid wat ’n krieweling teen jou ruggraat afgestuur het. In sy stap het ek Mhlophe se berugte hink herken. Die hink waarin almal iets anders kon lees. Vir wie bedoel die hink goed en vir wie bedoel dit kwaad? (311)

[...]

Ek het in Mhlophe se oë gekyk. Hulle het nie geknip nie, ook nie gewefel nie. Vlekke, skaduwees. Dis wat ek gesien het. Nie haat nie, ook nie woede nie. Hy het ’n taak gehad om af te handel. Weer het sy kop gesak. Sy horings het hard vorentoe geruk en ek het begin val. (312)

In hierdie passasie kom die oorvleueling van Jurgens en Ludwig – karakteroorvleueling is ’n tegniek wat ook voorkom in *Die werfbobbejaan* van Strachan (Burger 1996:65–74) – onder meer na vore wanneer Jurgens Mhlophe se hink “herken”. Tog het Jurgens, anders as Ludwig, nog nooit vantevore met Mhlophe te doene gehad nie. Verder word daar aangedui dat die bok nie uit haat tot die aanval oorgaan nie, maar bloot ’n “taak” het om te vervul – hy tree op soos

die mite dit van hom verwag. Mhlophe ontwikkel in die roman tot 'n moeilik peilbare karakter wat 'n subjektiwiteit verkry wat soms herinner aan dié van 'n mens en soms tentatief soos dié van 'n spook voorkom. Die wit hartbees is 'n "soöantropoteologiese" (Derrida 2009:31) figurasië wat die grense van 'n enkelvoudige subjektiwiteit oorskry. Net soos die menslike karakters is hy uiteindelik 'n speler met 'n "taak" in die sikliese mite asof hy willoos en sonder enige eie inisiatief deur 'n hoër teologiese mag binne die omtrekke van die mite beheer word.

Die vroulike teenhanger van die patriarg maak in *Dwaalpoort* ook telkens in 'n ander gedaante 'n herverskyning om daardeur 'n ewigheidsaanspraak te verwerf:

In die geskiedenis van die plaas is daar telkens sprake van 'n hoer wat erfgenaam van die plaas verwek. Die "oerhoer" is Henriette wat tydens die Anglo-Boereoorlog van Dwaalpoort weggevoer word en in 'n konsentrasiekamp swanger word met 'n seun, Lodewijk, by 'n Engelse offisier. Anders as die oerpatriarg leef die oerhoer, Henriette, onder die beskerming van die oerbok, Mhlophe, en hulle albei spook steeds op die plaas. Die spanning in die roman kan vernou word tot die boeiende interaksie tussen patriarg, hoer en bok, ofwel man, vrou en natuur. (Visagie 2011)

In die werk van Strachan is die funksie van die mite, wat ook sterk figureer in sy voorafgaande roman *Die werfbobbejaan* (1994), moontlik vergelykbaar met die doelwit van Etienne Leroux met die mite in sy romans. Soos reeds met verwysing na Brink (1975:49) opgemerk, het Leroux naamlik daarna gestreef om die mite van die 20ste eeu vir sy lesers vas te vang. In 'n onderhoud stel hy dit soos volg:

Deesdae het ons geen gode nie; mense is geneig om alles te veroordeel wat nie rasioneel is nie. Ons is, baie gou en baie skielik, afgesny van ons voorwêreldlike wortels. Ek, nou, glo vas in 'n soort demoniese mag wat in die kollektiewe onderbewussyn bestaan. Daaruit word 'n nuwe mite, nuwe simbole geskep. (Leroux aangehaal deur Kannemeyer 2008:301)⁶

Die terugkeer na die mite by Leroux en Strachan – soos uiteengesit deur Klopper (1996) en self deur Strachan in verband met *Dwaalpoort* bevestig teenoor Brümmer (2010) – herinner sterk aan die literêre tendens wat volgens Van den Akker (1994:47) in navolging van Quinones (1985:167) in die modernisme, soos bedryf in die tydperk tussen die twee Wêreldoorloë, aanwesig is. Soos byvoorbeeld in *The waste land* van T.S. Eliot (1972) wat in 1922 verskyn het en in Martinus Nijhoff (2008) se gedig "Awater" van 1934 is daar 'n belangstelling in die mite wat voortspruit uit die vasstelling dat daar 'n kloof tussen die hede en die verlede bestaan. Terselfdertyd is daar op 'n paradoksale manier die besef dat die eeue-oue geskiedenis in steeds wisselende gedaantes herhaal word (Van den Akker 1994:31). Van den Akker (1994:47) haal in hierdie verband vir Quinones (1985: 167) aan:

In whatever the area, essay or fiction or poetry, and in relation to whatever the subject, history or myth, the past or the ever-present, we find in these Modernist masters a largeness of thought that is based upon the creative participation of the self in its past and its myths. Events are not discrete in themselves, but, like hieroglyphs, allude to deeper processes. Crossings and conjunctions occur, shadowing and more basic patterns that those who are only pursuing external facts and events do not see.

In *Dwaalpoort* is die kloof tussen hede en verlede veral duidelik in die druk wat op die wit eienaars van die plaas is om na geslagte van alleenbesit hulle grond met die swart gemeenskap van Mine Own te deel. Die ouer mite van Mhlophe suggereer egter dat enige aanspraak op besit van Dwaalpoort, soos byvoorbeeld uitgedruk deur die naam van die township Mine Own, teen die veel ouer aansprake en prosesse van die natuur, wat weliswaar die mensdier insluit, gemeet moet word. Die mite skep die verwagting dat Mhlophe eendag ook sal toekyk hoe die vlamme Mine Own verteer net soos die vorige menslike nedersettings op *Dwaalpoort* keer op keer deur vuur vernietig is. Die herhalende, sikliese aard van die mite wat in die roman tot stand kom, herinner nie net aan bestaande literêre mites nie, maar skep die indruk dat 'n nuwe mite in die verhaal beslag kry. Strachan wend hom klaarblyklik tot 'n bekende procédé in die modernisme, naamlik om nuutheid na te streef (Walz 2008:9) in sy ontwikkeling van 'n nuwe mite wat dus nie in die mitologieë van die Weste of Afrika bestaan nie, maar hoogstens terugspeel op enkele mitiese inhoude en strategieë wat reeds in hierdie mitologieë aanwesig is.

Soos Leroux streef Strachan na die formulering van 'n nuwe innoverende mite wat beantwoord aan die eise van sy tyd. In reaksie op die stygende kommer oor die omgewing en die voortwoekerende uitwissing van spesies, registreer hy die noodsaak om die natuur sentraal te stel in nuwe mitiese denkraamwerke wat verder in die tyd teruggryp as waartoe die antroposentriese geskiedskrywing tot dusver in staat was. Binne die mitiese konstruksie van *Dwaalpoort* speel die dier 'n belangrike rol en in Strachan se nuwe mite vir die 21ste eeu is die dier gekoppel aan die ekologiese belange van ons tyd. Daar is dus 'n herbesetting met nuwe antwoorde vir die verhaalhede nadat die basiese gegewe van 'n oeroue mite (man, hoer en dier) deur Strachan gekonsipieer is (Naudé 2023:100). In *Dwaalpoort* lewer Strachan duideliker as in sy vorige romans blyke van 'n sterk ontwikkelde ekologiese bewussyn en 'n klaarblyklik steeds stygende agting vir dierelebens wat hom daartoe lei om deurdringende vrae oor die kultuur van jag op diere te vra. In 'n onderhoud met Willemien Brümmer (2010:11) sê Strachan hy “het klaar gejag – mense én diere. ‘Dis vir my lekkerder om die bok te sien loop as om hom dood te maak’”.

5. Diere in *Dwaalpoort*

In haar inleiding tot “The animal gaze”-uitgawe van die *Journal of Visual Art Practice* stel McGoldrick (2010:5) vas dat daar 'n onlangse ontwikkeling binne die modernistiese kuns is wat, ná die breuk wat die postmodernisme meegebring het, dui op 'n nuwe verhouding met diere wat in die kunste sterk op die voorgrond is en 'n sekere dringendheid aanneem. Ook al beweer Strachan (in Brümmer 2010:11) dat sy roman 'n postmodernistiese teks is, lei 'n studie van die diere in *Dwaalpoort* tot die vermoede dat hierdie roman verby enige starre afgrensing tussen modernisme en postmodernisme strek (kyk McGoldrick 2010:5). Soos ek later in hierdie artikel sal probeer aantoon, is die kwessies wat deur die roman opgewerp word eerder tipies van die vraagstukke wat breedweg in die literatuur van die moderniteit aanwesig is.

Al sedert die vroegste mense, die San, op Dwaalpoort gewoon het, waak die wit hartbees Mhlophe oor die plaas (38). Teenoor Brümmer (2010:11) verklaar Strachan dat hy die hartbees gekies het omdat hy hierdie dier nie “romanties” vind nie en omdat dit beter binne sy plan gepas het om, anders as byvoorbeeld André P. Brink in *Bidsprinkaan* (2005), 'n eie mite of *folklore* te skep wat weliswaar enkele raakpunte met die Zoeloe-volksverhaal vertoon. Hierby wil ek verder daarop wys dat daar in Wilhelm Bleek en Lucy Lloyd se monumentale dokumentering van San-verhale in *Specimens of Bushman folklore* (1911: 3–17) 'n vertelling

is waarin die god en vabond, Kaggen (wat meestal met die mantis geassosieer word), die gedaante van 'n hartbees aanneem om 'n groep kinders te tart. Die tersaaklikheid van die San-mitologie in *Dwaalpoort* word selfs 'n interessanter moontlikheid indien 'n mens die titel van Strachan se roman as 'n verwysing na Eugène N. Marais se versameling San-verhale *Dwaalstories* (1959) lees. Die “spelonke met die Boesmantekeninge” (37) in die kloof op Dwaalpoort, waaronder 'n tekening van die mantis en “die verbode wit portret van Mhlophe self” (38), lewer verder getuigenis van die San-bewoners se eertydse aanspraak op die omgewing. Met hulle kennis van Mhlophe se ewige teenwoordigheid soos verbeeld in die portret van die hartbees behou hulle mitiese nalatenskap steeds 'n sekere gesag oor die verdere verloop van die geskiedenis van Dwaalpoort al het hulle self lankal reeds uit die omgewing padgegee. In haar digbundel *Hartenbeest* (2009) sluit die Nederlandse digter Fleur Bourgonje ook by die mitologie en rotskuns van die San aan. Sy vermeld dat die hartbees vir die San 'n boodskapdraer tussen die lewendes en die dooies was (2009:69). As 'n soort spookbok is Mhlophe in *Dwaalpoort* eweneens 'n dier wat nie net onder die lewendes bestaan nie, maar ook 'n wese met kennis en ervaring van die vroegste mense wat lank reeds dood is.

In *Dwaalpoort* is Mhlophe om die beurt 'n verdelger van lewende wesens én 'n kurator of fasiliteerder van die voortsetting van mense- en dierelewens. By herhaling word alle tekens van menslike lewe op die plaas deur brande uitgewis en dit is elke keer Mhlophe wat soos 'n dirigent die stokkie swaai (317) oor die verterende vuur, maar ná “baie baie reën sou die as geleidelik verdwyn en die landskap sou weer anders begin lyk. Net as jy baie fyn kyk, sou jy die merk sien wat die brand gelaat het. Die bome sou heel word en die groen grasspriet wat uitgeloop het, sou dit laat lyk asof dit nooit gebrand het nie” (317). Opnuut sal mense (maar ook diere en plante) hulle op Dwaalpoort vestig en die vernietiging van die verlede sal vir eers vergeet word.

Daar bestaan 'n noue verbintenis en soms selfs 'n interafhanklike verhouding tussen die mense, Mhlophe en ook die ander diere op die plaas wat onder meer jaghonde, hoenderhane, poue, duiwe, rotte, perde en beeste insluit. Geen absolute synsgrense tussen mens en dier word gehandhaaf nie en telkens is dit die diere wat heel eerste bewus word van dreigende gevaar en hulle menslike medewesens op die aanstormende gevaar bedag maak. Twee van die krisis-oomblikke in *Dwaalpoort* sentreer egter rondom die gewelddadige botsings tussen mens en dier en dit is in beide gevalle 'n botsing tussen Mhlophe en 'n individu wat in diens van die reg as instelling staan, naamlik Ludwig en Jurgens.

Jurgens van der Beul was, soos sy familienaam (dit wil sê 'n beul oftewel laksman) te kenne gee, heel waarskynlik 'n sogenaamde hangregter (93) en ook die regsdosent wat Henning in die regte opgelei het. Hierbenewens was Henning se skoonvader, Ludwig, sowel 'n boer as 'n landdros. Die noodlottige konfrontasie wat by verskillende geleenthede tussen Mhlophe en Ludwig en heelwat later tussen Mhlophe en Jurgens plaasvind, skep die indruk van 'n afrekening deur die mitiese dier met individue wat met die regstelsel verbind is. In *The beast and the sovereign* redeneer Derrida (2009:17) ná 'n studie van die Westerse filosofiese en literêre kanon dat die dier net soos die soewereine heerser buite die reg staan en dat hulle daarom 'n bepaalde ooreenkoms met mekaar vertoon. Hy identifiseer 'n dubbele en teenstrydige figurasië van die politieke heerser aan die een kant as verhewe bo die dier wat hy onderwerp, verslaaf, domineer, tem of doodmaak sodat sy oppermagtigheid daarin bestaan dat hy hom bo die dier verhef en die dier ook toe-eien as 'n wese oor wie se lewe hy beskik; aan die ander kant is daar die figurasië van die politieke heerser en die soewereine staat as beliggamings van dierlikheid – 'n gewone dierlikheid of 'n monsteragtige dierlikheid wat

mitologies van aard is. Hierdie teenstrydige figurasies sluit die politieke mens as verhewe bo dierlikheid in en daarteenoor die politieke mens as 'n manifestasie van dierlikheid (Derrida 2009:26).⁷ Ortiz-Robles (2016:17) merk op dat Derrida die politieke heerser as die beliggaming van 'n kunsmatige soort dierlikheid beskou. In 'n toe-eiening van 'n boosaardige of vrees-aanjaende dierlikheid oefen heersers gesag uit, maar terselfdertyd moet hulle die indruk handhaaf dat hulle gesagsposisies die uitvindsel van die mens is. Volgens Ortiz-Robles (2016:17) berus die uitoefening van soewereine mag op 'n fiktiewe basis, meer spesifiek fabelskepping, om 'n narratief van gesag tot stand te bring. Ook in die uitoefening van politieke optrede, byvoorbeeld oorlogvoering of onderdrukking, dien die morele opset van die fabel as 'n regulerende basis.

Die posisie van dierlike figure as beliggamings van die goddelike in byvoorbeeld die San-kulture maak dit aanneemlik om die verdere verbandlegging wat Derrida (2009:54) maak, te begryp, naamlik dat God (oftewel die goddelike) 'n metonimiese skakel met die dier en die heerser het. Hy stel dit verder soos volg:

This is one of the reasons why it is so difficult to hold a discourse of mastery or transcendence with respect to the animal and simultaneously claim to do so in the name of God, in the name of the name of the Father or the name of the Law. The Father, the Law, the Animal, etc., the sovereign and the beast – should one not recognize here basically one and the same thing? Or, rather, indissociable figures of the same Thing? (Derrida 2009:127)

Derrida (2009:31) mik dus in die rigting van 'n “soöantropoteologiese” gelykskakeling van die dierlike, die menslike en die goddelike soos wat dit dikwels in filosofiese, religieuse en literêre tekste voorkom. Sy identifikasie van die oorsleutings tussen die menslike magsfiguur, die reg, die goddelike en die dier maak dit moontlik om die interaksie tussen Mhlophe en die verskillende regsgeleerdes in *Dwaalpoort* te begryp. Die albino-hartbeeste van *Dwaalpoort* staan buite die menslike reg en tree op as bewakers van 'n ander oeroue wetmatigheid in die natuurlike orde wat sedert die vroegste tyd op die plaas van krag is. Op sy beurt beweer Jurgens dat hy voor en ná 1994 uit hoofde van sy amp as regter 'n bewaker van die reg was (93), maar in die fluisteringe in die hof se wandelgange oor sy uitsprake waarin hy die doodsvonnis sou bekragtig, sy aanranding van sy vrou Anne wat hom daarvan beskuldig dat hy haar soos 'n trofeebok behandel en sy makabere trofeekamer waarin die dierslagoffers van sy jag-ekspedisies uitgestal word, skep hy die indruk van 'n regsamptenaar wat hom bo die wette van moreel aanvaarbare gedrag verhef het. In sy optrede is daar 'n bepaalde buitensporigheid wat manifesteer in geweld teenoor veroordeeldes, diere en vroue. Hy lewer blyke van die monsteragtige soort dierlikheid waarvan Derrida melding maak in verband met die heersersfiguur wat net soos die dier uiteindelik 'n posisie buite die reg inneem.

Die inligting oor Ludwig die landdros is sketsmatiger, maar ook hy sou hom soos Jurgens wend tot omgang met, en 'n geïmpliseerde uitbuiting van, vroue met sogenaamde losse sedes. Ludwig was weliswaar 'n landdros, maar soos by Jurgens is daar by hom ook tekens van geweld en oorskrydings van die gangbare *mores* – eksesse waardeur hy hom buite die raamwerke van die wet plaas. Uit Ludwig se verhouding met die sogenaamde “dorpslet” (199–200) word sy buite-egtelike seun, Bullet, gebore. Die verwantskap tussen Ludwig en Bullet is nooit openlik erken nie en gevolglik word Ludwig se jong dogter, Rentia, aan 'n bloedskaandale verhouding met Bullet as haar halfbroer blootgestel. 'n Ongewenste swangerskap, aborsie en daarna lewenslange steriliteit is die gevolg daarvan (111).

As leier van die wildtroppe op Dwaalpoort sou Mhlophe se aanval op Ludwig volg kort ná Ludwig se oorweging om die bokke in die kloof te begin jag (187) en sy verdere aankondiging dat die wild op die plaas uitgedun moet word in die koue droë wintertyd (100). Die beeste op Dwaalpoort moes naamlik oorleef, ook al is dit ten koste van die wild. Wanneer Henning later kommersiële jagtogte op die plaas toelaat en trofeejagters soos Jurgens gelok word vir wie die jag van diere met eersugtigheid en nie meer met voedselverkryging of enige ander utilitêre doeleinde verband hou nie, word die vertroue tussen mens en dier opnuut vertroebel soos wat voorheen met Ludwig die geval was. Henning en Bullet se besluit om 'n verdoofde hartbees op 'n strategiese plek in die veld as maklike teiken vir Jurgens te plaas, ly skipbreuk wanneer Jurgens onraad vermoed. Die jagters is kort hierna die skyf van Mhlophe se vergeldende optrede. Jurgens word net soos Ludwig deur Mhlophe doodgemaak en die vernietiging van die plaas volg wanneer dit deur vlamme verswelg word.

Ook in Strachan se eerste roman *Die jakkalsjagter* (1990) vind 'n konfronterende skakeling tussen mens en dier plaas wanneer die jagter, Lenka, in die visier van sy geweer 'n ooreenskuiwing sien tussen die vaderfiguur, Hendrik, en die wit hond wat gejag word (Strachan 1990:115). In hierdie roman wat 'n sterker psigologiese onderbou het, is dit veel meer as in *Dwaalpoort* die wet van die vader met sy geweld teenoor mens en dier waarmee daar oidipaal afgereken word. Die tipe ooreenskuiwing tussen mens en dier in *Die jakkalsjagter* word ook in *Dwaalpoort* eksplisiet genoem wanneer Rentia kort voor Jurgens en Anne se aankoms op die plaas vir Mhlophe sien en getref word deur sy amper mensagtige kop (23).

Uit die konfrontasies tussen die regsfigure en die mitiese hartbees in *Dwaalpoort* blyk dit dat dit 'n skermutseling tussen gelykes is wat almal 'n bepaalde dierlikheid beliggaam en tegelykertyd 'n oorskryding is van hulle rol as hoeders van verskillende regsisteme, naamlik menslike reg teenoor 'n meer primordiale reg wat op die bewaring van 'n natuurlike orde ingestel is. Met die diskursiewe gelykshakeling van ooglopend teenstellende entiteite het sowel Strachan as Derrida egter 'n meer politieke doelwit in die oog: soos talle skrywers en denkers wat die saambestaan van mense met ander spesies wil herbedink, is hulle bereid om geykte hiërargieë te ondermyn. Die bioloog Donna Haraway word beskou as een van die grondleggers van die posthumanisme, maar in haar boek *When species meet* (2008) kies sy eerder meewording ("becoming with") as 'n leuse vir haar ideaal om groter openheid en ontvanklikheid vir ander spesies na te streef:

Species interdependence is the name of the worlding game on earth, and that game must be one of response and respect. That is the play of companion species learning to pay attention. Not much is excluded from the needed play, technologies, commerce, organisms, landscapes, peoples, practices. I am not a posthumanist; I am who I become with companion species, who and which make a mess out of categories in the making of kin and kind. Queer messmates in mortal play, indeed. (Haraway 2008:19)

Die representasie van mens en dier in *Dwaalpoort* – en hierby kan 'n mens ook die werk van Haraway en Derrida voeg – is 'n uitdaging van die streng teenstelling tussen mens en dier wat onder meer met die werk van Descartes een van die grondslae van die moderniteit geword het (Armstrong 2008:1–8). In sy studie *We have never been modern* toon Latour (1993:10–1, 34) aan dat die moderniteit in werklikheid op 'n paradoksale manier funksioneer deurdat, enersyds, die suiwerende tendens in die moderniteit om tussen menslik en niemenslik as twee afsonderlike ontologiese sones te onderskei, te staan kom teen, andersyds, 'n eweneens sentrale tendens om te "vertaal", dit wil sê om juis mengvorme deur middel van hibridisering en

netwerkskepping tot stand te bring. Hierdie botsende tendense vervloei egter in steeds hewiger mate, want: “the more we forbid ourselves to conceive of hybrids, the more possible their interbreeding becomes – such is the paradox of the moderns” (Latour 1993:12). Toenemend het dit duidelik geword dat die Cartesiaanse teenstelling tussen mens en dier, die higiëniese onderskeid tussen menslik en niemenslik, nooit volhoubaar sou wees nie en dit is met die werk van Haraway en Derrida dat die paradoksale werking van die moderne denke, soos uitgewys deur Latour, verder uitgedaag word.

Die uitdaging van die teenstelling tussen menslik en niemenslik in Strachan se roman gaan aansienlik verder as bloot ’n demonstrasie van die gelyksoortige diskursiewe posisies wat diere en menslike magsfigure met mekaar deel en waardeur bekende hiërargieë vervaag. Gewelddadige konfrontasies tussen mens en dier word naamlik uitgelig as die beslissende momente in die roman en dit is konsekwent die dierlike wat die oorwinning behaal. Strachan volg ’n biosentriese strategie deurdat hy die dierlike element as oppermagtig uit die stryd laat tree, wat in ’n sekere mate neerkom op ’n omkering van die absolute bevoorregting van die mens in die Cartesiaanse onderskeid tussen mens en dier.

Hoewel *Dwaalpoort* soos die meeste van Strachan se vorige tekste “grootliks ’n machoverhaal” (Harper 2010:13) is, ondermyn hy weer eens enige gemaklike gevolgtrekking dat hy uitsluitlik ’n verheerliking van ’n geykte soort manlike subjektiwiteit voorstaan (Visagie 2004:103–5). Deurdat Mhlophe byvoorbeeld in ’n gemaklike en wedersyds ondersteunende verhouding met die vrouekarakters in *Dwaalpoort*, spesifiek Henriette en Rentia, verkeer, word die maklike omkering van die Cartesiaanse onderskeid tussen mens en dier enigszins gekompliseer (kyk ook Meyer 2012:304). Mhlophe en die vroue is binne ’n interspesievennootskap en tree dus as “companion species” (Haraway 2008:19) vir mekaar op. Hierdie wederkerige ingesteldheid tussen spesies blyk ook uit die reaksies van die ander diere in die roman. Op die dag van Rentia se aborsie word sy bewus daarvan dat die rotte op die sinkdak vervaard begin rondskarrel (162). Op die dag van Ludwig se dood merk Rentia op dat die honde helder oordag begin huil en dat die tortelduiwe nie soos gewoonlik uit die bome afvlieg nadat mielies vir die hoenders uitgestrooi is nie (100–1). ’n Spookhond daag op om vir Bullet die kloof in te lei om hom tussen die spookbokke te laat kennis maak met die domein van die dood oftewel “die groot jagveld [...] die plek waar ons almal in ons moer in gaan opeindig” (75). En wanneer Henriette uit die Britse konsentrasiekamp na *Dwaalpoort* terugkeer, wag ’n hoenderhaan⁸ haar in om haar ook die kloof in te beduie:

Sy bors is opgekrop en uit sy snawel vloei ’n stroom geluide – vreemde, onverstaanbare mensgeluide. Hy klap sy vlerke ’n paar keer hard, skud sy vere reg en trap met sy lang, skurwe naels op die sink rond. Van waar sy op haar knieë hurk, kan Henriette die kwaai glinster in sy oog sien, terwyl hy haar amper ongeduldig met sy snawel wegbeduie van die huis na die kloof toe.

Toe sy steeds nie beweeg nie, raak die geluide heftiger. Is dit net snaakse klanke of is daar woorde tussenin? (245)

Die haan vlieg dan op en dit lyk asof hy in die vorm van ’n tarentaal, kolgans of ’n hadida verander om uiteindelik tussen die roofvoëls hoog in die lug uit Henriette se sig te verdwyn. (246)

Hierdie aanhalings open 'n verdere vraag oor die voorstelling van diere in *Dwaalpoort*, naamlik die vraag na die moontlike redes vir die koppeling van diere met bonatuurlike eienskappe. Mhlophe en die albino-hartbeeste op die plaas word soms spookbokke genoem en hulle tree net soos Bullet se hond en Henriette se hoenderhaan dan ook soos spoke op. Boonop spook die voorvaders, spesifiek Henriette jare ná haar dood, nog steeds op die plaas en daar is aanduidings dat sy haar ná haar dood, net soos die spookdiere, in die kloof teruggetrek het. Mhlophe as 'n oergees van die natuur wat vanuit die kloof waak oor die mense en diere van *Dwaalpoort* is net soos die afbeeldings van diere in die San-grotte in die kloof kennelik, in die woorde van Derrida (2009:31), 'n "soöantropoteologiese" konstruksie. Die dierekarakters is verder ook in 'n groot mate antropomorfe skepsels.

Ek stel egter nie daarin belang om op 'n ekologies-korrekte heksejag na Strachan se antroposentrisme in sy toekenning van menslike eienskappe aan diere te gaan nie, net soos ek ook nie wil ingaan op Eugène N. Marais se besluit om in menslike terme oor termietspesies te skryf wat uit onder meer soldate en werkers (uiteraard menslike terme) sou bestaan nie.⁹ Ek skaar my eerder by die siening van die literator Timothy Clark (2011:194–5) dat antropomorfisme in voorstellings van die niemenslike 'n geleentheid bied om na te gaan hoe moeilike kwessies waaronder die aard van diere, van taal en van die mens saamvloei op uitdagende en moontlik onoplosbare maniere. Dit is verder belangrik om soos Garrard (2012:152–70) antropomorfisme binne 'n meer omvattende tipologie van dierevoorstellings te beskou. Hy onderskei naamlik tussen voorstellings wat *ooreenkomste* tussen menslike en niemenslike diere, dit wil sê metonimiese vergelykings, beklemtoon teenoor voorstellings wat *andersheid* tussen mens en dier, dit wil sê metaforiese vergelykings, benadruk. Die metonimiese verbande tussen mense en diere sluit in antropomorfisme as die (soms verkeerdelike) herkenning van menslike eienskappe by diere. Die teenbeeld van antropomorfisme is egter soöomorfisme (oftewel teriomorfisme) wat ook op metonimiese wyse funksioneer en wat mense met verwysing na dierlike trekke voorstel (Garrard 2012:154). Voorbeelde van kru soöomorfistiese voorstellings van mense is rassistiese beskrywings van swart mense as bobbejane of van immigrante in Suid-Afrika as kakkerlakke op grond van hulle herkoms uit ander Afrikalande. Teenoor hierdie metonimiese verbande tussen mens en dier (antropomorfisties of soöomorfisties) varieer voorstellings wat die andersheid tussen mens en dier beklemtoon van meganomorfisme tot allomorfisme. Meganomorfisme verwys na geringskattende of verguisende verwysings na diere wat Descartes se beskrywing van diere as blote masjiene wat op prikkels reageer, insluit. Allomorfisme, wat sterker van toepassing op 'n roman soos *Dwaalpoort* is, konsentreer op verskille tussen mens en dier wat die voordeel aan die dier toeken (Garrard 2012:154) deur byvoorbeeld die blik van die dier as deurdringender as die suiwer rasonale waarnemingsvermoë van die mens te bestempel.

Antropomorfisme soos aanwesig in *Dwaalpoort* werp ten minste lig op die vraag oor die wese van die mens en sy denke, en uiteindelik benader die roman tog tergende aspekte omtrent diere al is dit grootliks binne die konteks van mens-dier-verhoudings. Bowendien, deurdat Strachan menslike en dierlike *spoke* in sy roman betrek, gee hy selfs op 'n verdere vlak uiting aan 'n breër opgesette bevraagtekening van die grens tussen menslik en niemenslik (dit wil sê diere én spoke en geeste as niemenslike wesens). Hy volstaan nie met die meer beperkte vraagstelling na die verhouding tussen diere en mense nie, maar gryp in op wat Latour (1993:10–1) as 'n fundamentele meganisme van die moderniteit beskou, naamlik die onderskeid tussen die menslike en die meer omvattende kategorie van die niemenslike (wat diere, spoke en dinge insluit).

Die aanwesigheid van diere in die lewens van mense het vanaf die einde van die 19de eeu merkbaar afgeneem weens die vernietiging van die natuurlike habitat om ruimte te skep vir die vinnig groeiende aanwas van mense op aarde. Werksdiere soos perde, donkies en osse is verder weens toenemende industrialisering met masjiene vervang. Sedert die modernisme wat met die verdwyning van die diere in diens van die mens gepaardgegaan het, maak diere in die literatuur gereeld hulle herverskyning as betekenaars van dit wat *unheimlich* of pervers is, byvoorbeeld as diere wat kan praat en ook diere as spoke (Armstrong 2005:149–50; Carstens 2017:94).

In *Dwaalpoort* neem sommige van die dierepersonasies weliswaar perverse vorme aan deurdat hulle as spoke verskyn en in die geval van Henriette se hoenderhaan en Bullet se hond die indruk skep dat hulle kan praat. Mhlophe is die onsterflike mitiese dier wat in die belang van die natuurlike balans op Dwaalpoort kan verdelg of sy beskerming verleen aan karakters soos Henriette en Rentia wat fyn ingestel is op die tekens van die natuur. Soos Garrard (2012:167) aandui, is die verskynsel waarvolgens gewyde en teologiese representasietegnieke ingespan word kenmerkend van die allomorfisme waarvolgens die andersheid van niemenslike diere in tekste opgeroep word. Die navorsing van Derrida oor die soöantropoteologiese omgang met diere wys egter duideliker uit dat daar in representasie 'n groter kontingensie tussen antropomorfisme, soömorfisme en allomorfisme bestaan. Die diere in *Dwaalpoort* is perverse, antropomorfe, allomorfe en selfs soöantropoteologiese representasies – feitlik elke beskikbare strategie in die geskiedenis van dierefigurasies word ingespan om die leser op uiteenlopende maniere van die diere te laat kennis neem en om sodoende die belang van diere in menslike kognisie te beklemtoon. In die slothoofstuk waarin die vernietiging van die brand op die plaas met Mhlophe as fokus beskryf word, is die menslike karakters nog slegs by implikasie aanwesig in die verwysings na die plaasgeboue wat deur die vlamme verswelg word. Die fokus verskuif in die slot volledig na die diere op die plaas wat voor die brand probeer uitvlug; die kloof en die plato waar Mhlophe tuis is, bly soos altyd onaangeraak. Al word daar gesuggereer dat Henning die brand op die plaas gestig het (301), is dit ten slotte Mhlophe wat soos 'n verdelgende god oor die vernietiging waak: “Soos 'n dirigent voor 'n simfonie het hy gevoel. Met die waai van die stokkie het die klank van die vuur nuwe toonhoogtes bereik” (316–7).

6. Ten slotte

Oor sy roman het Strachan die volgende opmerkings gemaak: “Dit gaan oor plaasonteiening, oor grondhervorming, oordrag van eienaarskap, klaarmaak van 'n bestel. Mine Own (die township oorkant die distrikspad) neem die plaas oor. Mine Own is die toekoms, *Dwaalpoort* is die verlede.” En: “Dis 'n aktuele boek, maar 'n skrywer moet nooit maak asof dit die antwoord of die oplossing is nie. Op die ou einde is dit 'n postmodernistiese plaasroman. Dis 'n apokaliptiese roman oor hoe mense op eindtye reageer” (in Brümmer 2010:11).

Net soos J.M. Coetzee se *Disgrace* (1999), Marlene van Niekerk se *Agaat* (2004) asook Eben Venter se *Horrelpoot* (2006), gaan *Dwaalpoort* oor 'n soort afskeid van 'n era van wit heerskappy wat nou verbonde aan grondbesit en die plaaslewe was. Die eienaar van Dwaalpoort, Rentia, het reeds 'n deel van die familieplaas sonder vergoeding aan die swart gemeenskap in Mine Own afgeteken omdat sy nie 'n deurgang, dit wil sê die distrikspad, dwarsdeur die plaas wou hê nie. Sy reken dat sy sodoende in belang van die groter plaas opgetree het (148). So ook word die De Wets se plaas, Grootmoedersdrift, in *Agaat* uiteindelik aan die kinderlose bruin huisbediende, Agaat, oorhandig en Lucy Lurie se plasie in *Disgrace* word die eiendom van Petrus, die swart plaaswerker wat vroeër in haar diens was.

Ek is nietemin van mening dat *Dwaalpoort* nie sonder meer in terme van wit teenoor swart gekonsipieer is nie. Danksy die wyer historiese, mitiese en transkulturele blik wat Strachan (soos bv. ook in *Die werfbobbejaan*) by sy teks ingebou het, is die hede van Rentia, Henning en Bullet op Dwaalpoort nie so eenmalig en daardeur van 'n deurslaggewende finaliteit deurdrenk nie. Die mitiese substraat van die man, hoer en die enigmatiese Mhlophe oorskry die grense van die tyd en van die heersende kulturele skeidslyne. Die suggestie is dat dieselfde patrone hulleself sal herhaal en dat die kulturele eiendomlikhede van die oomblik deur herbesettings van die mite van verbygaande belang is. Daar sal altyd weer nuwe konflik-situasies ontstaan, maar die oeroue en standhoudende gegewe van die wit hartbees as hoeder van Dwaalpoort en sy ritualistiese interaksie met die hoer en die man, in watter toekomstige gedaante dan ook, sal ad infinitum herhaal word.

Die apokaliptiese einde van die roman, soos gesuggereer deur die brand wat deur die plaas trek, die onverwagse terugkeer van die poue na die plaas wat laas daar was toe Henriette nog op Dwaalpoort geboer het, asook die insident wanneer Mhlophe vir Jurgens van der Beul dood-trap, dui nie op 'n finale beëindiging van die bestaan van die plaas nie. Soos reg aan die begin van die roman gestel word, sal Mhlophe soos deur al die eeue vantevore weer waak oor die menslike dramas wat hulle op Dwaalpoort afspeel. Hy sal in die toekoms weer vasstel dat niemand van hulle betyds die roet in die lug kan ruik nie (11): die vorige vernietiging deur vuur het plaasgevind toe die Britte Dwaalpoort afgebrand het en Henriette na 'n konsentrasiekamp weggevoer het. Sy het egter teruggekeer en 'n nuwe begin gemaak. Die apokaliptiese einde van die roman gaan, soos soms in apokaliptiese tekste die geval is, met 'n sikliese element gepaard: soos in 'n mitiese gegewe sal dieselfde rituele hulle keer op keer op die plaas voltrek.

Die wisselwerking tussen mens en dier in die roman is teweens deel van 'n proses wat ook tussen wit en swart merkbaar is. Die seuns van mnr. Nkosi van Mine Own voeg hulle by Bullet om saam met hom as jaggidse te gaan werk en Anne dans saam met die mense van Mine Own in hulle nagtelike fees waartydens Jurgens se beoogde trofeebok geslag sal word. In *Dwaalpoort* is daar met ander woorde nie dieselfde soort krampagtige bewussyn van verlies en ondergang by die wit karakters as in 'n roman soos *Horrelpoot* van Eben Venter of *Disgrace* van J.M. Coetzee nie. Daar is in *Dwaalpoort* groter berusting dat die lewe sal voortgaan en daar word 'n plek ingeruim vir wit en swart binne die mitiese substraat van die roman. Strachan se roman is 'n interessante innovasie ná die distopiese literatuur wat wit skrywers sedert *Disgrace* in Suid-Afrika gepubliseer het. Die troos van die wyer transhistoriese perspektief in *Dwaalpoort* gaan in teen die uitsigloosheid wat herhaaldelik in die eietydse Afrikaanse prosa voorkom. Die roman verruim die ietwat bysiende fokus op die onmiddellike konteks deur in tyd en ruimte verder te kyk as net na die hier en nou.

Die vraag is egter steeds of Strachan se besluit om hom soos sy voorgangers uit die modernisme tot die mite te wend werklik die aangewese manier is om bo gevestigde koloniale diskoerse oor Afrika uit te styg. Soos Mbembe (2001:1) aandui, word die diskoers oor Afrika byna altyd ingebed binne die raamwerk van 'n metateks oor die dier. Die kontinent en sy mense word binne hierdie diskoers die teken van dit wat vreemd en monsteragtig is. Afrika word sodoende as 'n aanloklike diepte voorgestel wat nietemin altyd ontwykend en nooit vaspenbaar is nie. Mbembe (2001:4) is ook krities oor die funksie wat binne die Westerse diskoers aan die mite en die fabel in Afrika toegeken word. Hiervolgens word die mite en die fabel as die basis van enige begrip van oorsprong en tyd in die gemeenskappe van Afrika beskou. Tyd word vasgevang binne die onbeweeglikheid van "dit-was-nog-altyd-daar", vanwaar die belangrikheid van herhaling en van siklusse. In plaas daarvan dat individue binne hierdie diskoers

optree, is daar eerder entiteite wat as gevangenes van magiese tekens binne 'n betowerde en geheimsinnige heelal optree. Die mag van invokasie en evokasie vervang die mag van produksie. Soos aangedui in hierdie artikel, is dit moontlik dat die fokus op die wit menslike karakters die interpretasie mag uitlok dat hulle deelagtig word aan die mitiese Afrika. Die roman bevry die karakters weliswaar nie van die oorheersende diskoers oor die dier, die magiese en die fabelagtige nie, maar vir almal is daar wel 'n plek binne dié geysde diskoers oor Afrika.

Aan die een kant is Strachan se skepping van 'n nuwe mite van die man, die hoer en die hartbees 'n herbevestiging van kreatiwiteit en oorspronklikheid as 'n klaarblyklike uitweg uit die greep van sowel postmodernistiese hersirkulasie as die gereelde uitsigloosheid van distopiese toekomsverwagtings in die Afrikaanse prosa. Die postkoloniale ekokritiese inhoud van *Dwaalpoort* is nie soseer 'n oorskryding van die koloniale diskoers wat die swart inboorling dikwels in terme van dierlikheid voorstel nie, maar streef eerder na 'n visie van verbondenheid en verknoottheid¹⁰ tussen swart en wit mense en ook uiteindelik 'n verbondenheid van al hierdie mense met diere. Aan die ander kant blyk hierdie poging tot die skepping van 'n nuwe mite as 'n poging tot verruiming binne die literêre klimaat in Afrikaans sedert die einde van die 1990's steeds veranker te wees binne die hardnekkige diskoers wat Afrika in mitiese terme voorstel. Die voortgesette spanning oor grondbesit en die verdeeldheid tussen swart en wit in die Suid-Afrikaanse aktualiteit word weliswaar binne die fiksionele raamwerk van die roman oorkom, maar word na die mite met die dier as weerligafleier oorgeplaas. Dit is moontlik nie so vergesog nie om te beweer dat die onpeilbare gesag van die mitiese hartbees as 'n soort derde element terselfdertyd die teleskopering en verplasing van meer as net een spannings-verhouding word, waaronder die voortgesette spanning tussen swart en wit en die ongelyke genderverhoudings tussen mans en vroue in postapartheid-Suid-Afrika.

Bibliografie

- Agamben, G. 2004. *The open. Man and animal*. Vertaal deur K. Attell. Stanford, CA: Stanford University Press.
- Anker, J. 2011. Bespreking van *Dwaalpoort*. *Tydskrif vir Letterkunde*, 48(1):216–7.
- Armstrong, P. 2008. *What animals mean in the fiction of modernity*. Londen en New York: Routledge.
- Armstrong, T. 2005. *Modernism. A cultural history*. Cambridge en Malden, MA: Polity.
- Blumenberg, H. 1983. *The legitimacy of the modern age*. Vertaal deur R.M. Wallace. Cambridge, MA: The MIT Press.
- . 1990. *Work on myth*. Vertaal deur R.M. Wallace. Cambridge, MA: The MIT Press.
- Botha, E. 2016. Etienne Leroux (1922–1989). In Van Coller (red.) 2016.
- Bourgonje, F. 2009. *Hartenbeest*. Amsterdam: De Arbeiderspers.

- Brink, A.P. 1975 (1967). *Aspekte van die nuwe prosa*. Pretoria en Kaapstad: Human & Rousseau Academica.
- . 2005. *Bidsprinkaan, 'n ware storie*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Brümmer, W. 2010. “Ek is die jakkalsjagter”. Onderhoud. *Die Burger (By)*, 27 September, bl. 11.
- Buell, L. 2005. *The future of environmental criticism. Environmental crisis and literary imagination*. Malden, MA; Oxford en Victoria: Blackwell Publishing.
- Burger, W.D. 1996. *Die werfbobbejaan van Alexander Strachan: Wêreld sonder grense*. *Tydskrif vir Letterkunde*, 33(4):65–74.
- Callarco, M. 2008. *Zoographies. The question of the animal from Heidegger to Derrida*. New York, Chichester: Columbia University Press.
- Carstens, D. 2017. Tricksters, animals, new materialities, and indigenous wisdoms. In Woodward en McHugh (reds.) 2017.
- Clark, T. 2011. *The Cambridge introduction to literature and the environment*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Coetzee, J.M. 1999a. *The lives of animals*. Princeton, NJ: Princeton University Press.
- . 1999b. *Disgrace*. Londen: Secker en Warburg.
- Connor, S. 2004. Modernity and myth. In Marcus en Nicholls (reds.) 2004.
- Coupe, L. 1997. *Myth*. Londen en New York: Routledge.
- Derrida, J. 2008. *The animal that therefore I am*. Onder redakteurskap van M-L Mallet; vertaal deur D. Willis. New York: Fordham University Press.
- . 2009. *The beast and the sovereign. Volume I*. Onder redakteurskap van M. Lisse, M-L. Mallet en G. Michaud; vertaal deur G. Bennington. Chicago en Londen: University of Chicago Press.
- . 2011. *The beast and the sovereign. Volume II*. Onder redakteurskap van M. Lisse, M-L. Mallet en G. Michaud; vertaal deur G. Bennington. Chicago en Londen: University of Chicago Press.
- Du Plessis, P. 2007. *Die perdekombes en ander stories uit die jagveld*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Eliot, T.S. 1972. *The waste land and other poems*. Londen: Faber and Faber.
- Ferreira, J. (red.). 1998. *Boereoorlogstories: 34 verhale oor die oorlog van 1899–1902*. Pretoria: Van Schaik.

Freud, S. 2017. *Three essays on the theory of sexuality: The 1905 edition*. Vertaal deur Ulrike Kistner. Londen: Verso.

Garrard, G. 2012. *Ecocriticism*. New York en Londen: Routledge.

Glotfelty, C. 1996. Introduction: Literary studies in an age of environmental crisis. In Glotfelty en Fromm (reds.) 1996.

Glotfelty, C. en H. Fromm (reds.). 1996. *The ecocriticism reader*. Athens, GA: University of Georgia Press.

Haraway, D.J. 2008. *When species meet. (Posthumanities Volume 3.)*. Minneapolis en Londen: University of Minnesota Press.

Harper, S. 2010. Plaasroman met skoot surrealisme. *Beeld*, 22 November, bl. 13.

Heidegger, M. 1992. *Parmenides*. Vertaal deur A. Schuwer en R. Rojcevicz. Bloomington, IN: University of Indiana Press.

—. 1995. *The fundamental concepts of metaphysics: World, finitude, solitude*. Vertaal deur W. McNeill en N. Walker. Bloomington, IN: Indiana University Press.

Huggan, G. en H. Tiffin. 2010. *Postcolonial ecocriticism. Literature, animals, environment*. Londen, New York: Routledge.

Kahalon, R., O. Bareket, A.C. Vial, N. Sassenhagen, J.C. Becker en N. Shnabel. 2019. The madonna-whore dichotomy is associated with patriarchy endorsement: Evidence from Israel, the United States, and Germany. *Psychology of Women Quarterly*, 43(3):348–67.

Kannemeyer, J.C. 2008. *Leroux: 'n Lewe*. Pretoria: Protea Boekhuis.

Klopper, E.M.M. 1996. Die gebruik van die mite in *Die werfbobbejaan* van Alexander Strachan. *Literator*, 17(3):15–28.

Latour, B. 1993. *We have never been modern*. Vertaal deur C. Porter. New York, Londen, Toronto, Sydney, Tokio en Singapoer: Harvester Wheatsheaf.

Marais, E.N. 1959 (1927). *Dwaalstories*. Kaapstad: Human & Rousseau.

—. 2006 (1984). *Versamelde werke I*. Onder redakteurskap van L. Rousseau. Kaapstad en Pretoria: Human & Rousseau.

Marcus, L. en P. Nicholls (reds.). 2004. *The Cambridge history of twentieth-century English literature*. Cambridge en New York: Cambridge University Press.

Mbembe, A. 2001. *On the postcolony*. Vertaal deur A.M. Berrett, M. Last, S. Rendall en J. Roitman. Berkeley, Los Angeles en Londen: University of California Press.

McGoldrick, R. 2010. Introduction. *Journal of Visual Art Practice*, 9(1):3–7.

- McPhee, B.D. 2017. Apollo, Dionysus, and the multivalent birds of Euripides' *Ion*. *Classical World*, 110(4):475–89.
- Meyer, S. 2012. Stemme van agter die plaas se hek: Die mens-natuur-“gesprek” in *Dwaalpoort* van Alexander Strachan. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 52(2):290–306.
- Naudé, C-P. 2023. *In die rede geval. Waarom die mens mites maak*. De Kelders: Naledi.
- Nijhoff, M. 2008. *Verzamelde gedichten*. Amsterdam: Prometheus.
- Ortiz-Robles, M. 2016. *Literature and animal studies*. Londen en New York: Routledge.
- Pieterse, H.J. 2007. Inleiding. In Rilke 2007.
- Plumwood, V. 1995. *Feminism and the mastery of nature*. Londen en New York: Routledge.
- Quinones, R.J. 1985. *Mapping literary modernism; time and development*. Princeton, NJ: Princeton University Press.
- Rilke, R.M. 2007. *Duino-elegieë*. Vertaal deur H.J. Pieterse. Pretoria: Protea Boekhuis.
- Strachan, A. 1990. *Die jakkalsjagter*. Kaapstad: Tafelberg.
- . 1994. *Die werfbobbejaan*. Kaapstad: Tafelberg.
- . 1998. Die music-box. In Ferreira (red.) 1998.
- . 2000. Die nuus dra. In Van Heerden (red.) 2000.
- . 2003. *Kloof*. Pretoria: Protea Boekhuis.
- . 2010. *Dwaalpoort*. Kaapstad: Tafelberg.
- Van den Akker, W. 1994. *Dichter in het grensgebied. Over de poëzie van M. Nijhoff in de jaren dertig*. Amsterdam: Bert Bakker.
- Van Coller, H.P. 2016. Alexander Strachan (1955–). In Van Coller (red.) 2016.
- Van Coller, H.P. (red.). 2016. *Perspektief en profiel. 'n Afrikaanse literatuurgeskiedenis. Deel 3*. 2de uitgawe. Pretoria: Van Schaik.
- Van Heerden, E. (red.). 2000. *Briewe deur die lug*. Kaapstad: Tafelberg.
- Van Niekerk, M. 2004. *Agaat*. Kaapstad: Tafelberg.
- Van Rooyen, P. 2007. *Die olifantjagters*. Kaapstad: Tafelberg.
- Venter, E. 2006. *Horrelpoot*. Kaapstad: Tafelberg.

Visagie, A. 2000. Manlikheid en magsverlies in die Afrikaanse jagliteratuur sedert 1994: *Die olifantjagters* van Piet van Rooyen en *Groot vyf* van Johann Botha. *Stilet*, XII(1):27–41.

—. 2002. White masculinity and the African Other: *Die werfbobbejaan* by Alexander Strachan. *Alternation*, 9(1):131–41.

—. 2011. *Dwaalpoort* moontlik die heel beste roman van 2010. LitNet.
<http://www.litnet.co.za/Article/dwaalpoort-moontlik-die-heel-beste-roman-van-2010>
(27 Maart 2024 geraadpleeg).

Visagie, A.G. 2004. Manlike subjektiwiteit in die Afrikaanse prosa vanaf 1980 tot 2000. Doktorale proefskrif, Universiteit Stellenbosch.

Von Moltke, J. 2003 (1943). *Jagkonings. Die jagavonture van die Dorslandtrekkers*. Pretoria: Protea Boekhuis.

Walz, R. 2008. *Modernism*. Harlow: Pearson Education.

Woodward, W. 2008. *The animal gaze: Animal subjectivities in Southern African narratives*. Johannesburg: Wits University Press.

Woodward, W. en S. McHugh (reds.). 2017. *Indigenous creatures, native knowledges, and the arts. Animal studies in modern worlds*. Londen: Palgrave MacMillan.

Eindnotas

¹ Costello verklaar aan haar gehoor: “A calf who has not mastered the concepts of presence and absence, of self, and other – so goes the argument – cannot, strictly speaking, be said to miss anything. In order to, strictly speaking, miss anything, it would first have to take a course in philosophy. What sort of philosophy is this? Throw it out, I say. What good do its piddling distinctions do?” (Coetzee 1999a:66).

² Die ander twee fases wat Glotfelty (1996:xxiii) identifiseer is eerstens die studie van die maniere waarop die natuur in die literatuur voorgestel word met aandag vir stereotipiese voorstellings van die natuur as byvoorbeeld ’n soort Eden of Arkadië. Tweedens is daar die fase wat hernude erkenning gee aan die literatuur oor die natuur, spesifiek nefiksie-werke oor die natuur, as ’n voorheen gemarginaliseerde genre.

³ Voorbeelde van jagverhale in Afrikaans sluit in *Jagkonings* van J. von Moltke (2003), *Die olifantjagters* van Piet van Rooyen (2007) en *Die perdekombes en ander stories uit die jagveld* van Pienkes du Plessis (2007). Kyk ook Visagie (2000).

⁴ Meyer (2012:293–6) bied ’n vollediger bespreking van Strachan se omgang in *Dwaalpoort* met die plaasroman en die voortsetting van elemente uit sy vroeër werk.

⁵ Bulle het byvoorbeeld ’n sterk band met sy jaghonde (59). Ook snuffel ’n spookhond hom uit en lei hom na die hartbeeste in die kloof op Dwaalpoort (74–6).

⁶ Connor (2004:253) dui aan dat die soeke na “’n nuwe mite” soos Leroux daarna verwys, wesenlik by die modernisme was: “But modernism also retained many aspects of the Romantic effort, not just to retrieve myth, but also to transform it for the modern world. Modernist culture sought to establish a ‘modern myth’, and the modernity of Modernism is in large part defined by the complex and paradoxical relationship it establishes to what it thinks of as myth.”

⁷ Derrida (2009:32–3) beskryf die verband tussen die soewereine heerser en die dier ook soos volg: “They both share that singular position of being outlaws, above or at a distance from the law, the beast ignorant of right and the sovereign having the right to suspend right, to place himself above the law that he is, that he makes, that he institutes, as to which he decides, sovereignly. The sovereign is not an angel, but, one might say, he who plays the sovereign plays the beast. The sovereign makes himself the beast, has himself the beast, sometimes in the most troubling sense of a zoophilia or even a bestiality the historical symptoms of which we would need to inventory, detect, or even interpret.”

⁸ Soos McPhee (2017:475) aandui, figureer voëls in die klassieke Griekse literatuur dikwels as onheilstekens. Hy wys egter daarop dat voëls byvoorbeeld in Euripides se werk ’n baie ambivalente funksie vervul en onder meer kan dui op die mens se onkunde oor die beskikking van die gode.

⁹ Vergelyk die volgende mooi greep uit *Die siel van die mier* van Marais (2006:18) waarin hy kommentaar lewer oor die koningin wat in die termietnes te groot word vir die kamertjie waarin sy lê: “Daar is nouliks ruimte vir die klein werkertjies om die eiers oor die gevoellose gevaarte uit te dra. ’n Verskriklike tragedie moet gebeur. Iets moet bars – en dit gaan nie die klipharde kamertjie wees nie! Dit lyk baie na die klassieke ontmoeting tussen ’n onweerstaanbare krag en ’n onbeweeglike liggaam. Jy dink dat jy die miere hopeloos kan hoor fluister: ‘O klip-salmander! Wat gaan van ons word? Laat ons tog maar nog ’n bietjie antipon probeer!’” Marais voeg dadelik by dat die miere nooit werklik bekommerd is nie aangesien hulle wel altyd oplossings vir hierdie spesifieke probleem het en daarom nie hierdie tipies menslike gedagtes sal hê nie.

¹⁰ Mbembe (2001:15, 242) praat van die “entanglement” waardeur self en ander binne die postkoloniale verband in nuwe verhoudings ingebed word.